higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N580**(A)**(M28)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N4

(4090484)

28 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Gebruik net 'n swart of 'n blou pen.

5. Waar balansstate en inkomstestate op TWEE bladsye gedoen moet word, moet die bladsye teenoor mekaar wees.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: DIE BOERDERYBESTUURSINLIGTINGSTELSEL

1.1 In die boerderybestuursinligtingstelsel is die inligting moontlik nie in groot besonderhede beskikbaar nie, maar 'n stelsel wat in die praktyk werk, is waardevoller as 'n volledige, uitgebreide stelsel.

Wat is die vereistes vir 'n boerderybestuursinligtingstelsel om doeltreffend te wees? (3)

1.2 Noem VIER hulpstate wat 'n boer tot sy of haar beskikking moet hê. (4 × 1) (4)

1.3 'n Boer het van die boerderybestuursinligtingstelsel gehoor en besluit om dit in te stel.

Stel die boer in kennis van die SEWE stappe wat hy of sy moet volg om hierdie stelsel in te stel. (7)

1.4 Beantwoord die volgende vrae wat handel oor die opstel van 'n inventaris:

1.4.1 Noem TWEE bates wat uit 'n inventaris uitgesluit moet word. (2)

1.4.2 Noem TWEE belangrike aspekte om in gedagte te hou wanneer 'n inventaris opgestel word. (2 × 2) (4)

1.5 Die volgende inligting word beskikbaar gestel oor 'n saaimasjien op jou plaas:

BESKRYWING	EENHEID
• Kosprys	R160 000
• Verwagte nuttige lewensduur	25 jaar
• Verwagte herwinningswaarde aan die einde van die nuttige lewensduur daarvan	R10 000
• Tydperk reeds in gebruik	12 jaar
• Metode om waardevermindering te bereken	Reguit lyn

Bereken die volgende:

1.5.1 Totale bedrag van wat gedepresieer word tot die einde van die nuttige lewensduur daarvan (2)

1.5.2 Jaarlikse waardevermindering vir die volgende 13 jaar (4)

1.5.3 Waardevermindering wat opgehoop het gedurende die tydperk van gebruik (4)

1.5.4 Aanvangswaarde in jou eerste inventaris (4)

1.6 Die inventaris behoort 'n volledige beskrywing van elke bate in te sluit.

Noem NEGE besonderhede van elke bate wat in die inventaris behoort te verskyn. (9)

Kopiereg voorbehou

1.7 Toon maniere waarop die aanvangswaarde vasgestel kan word met verwysing na die volgende situasies:

1.7.1 As die oorspronklike kosprys van die spesifieke bate bekend is

1.7.2 As die oorspronklike kosprys van die spesifieke bate NIE bekend is nie

(2 × 2) (4)

1.8 Mannekragverslae word gebruik om op hoogte te bly van alle sake met betrekking tot personeel.

Noem DRIE sake waarvan rekord gehou moet word. (3)

[50]

VRAAG 2: EKONOMIESE PRODUKSIEBEGINSELS

2.1 Teken 'n grafiek wat elk van die volgende VIER koerse van fisiese vervanging van insette verteenwoordig. Benoem elk van die asse op elke grafiek.

2.1.1 'n Vaste vervangingskoers

2.1.2 'n Konstante vervangingskoers

2.1.3 'n Vermeerderende vervangingskoers

2.1.4 'n Verminderende vervangingskoers

(4 × 3) (12)

2.2 Gee 'n formule waarmee die fisiese vervangingskoers van die verhouding tussen twee veranderlike insette bereken kan word. (3)

2.3 Verduidelik kortliks die volgende produk/produkverhoudings en gee 'n voorbeeld van elk.

2.3.1 Gesamentlike produkte

2.3.2 Aanvullende produkte

2.3.3 Komplementêre produkte

2.3.4 Antagonistiese produkte

(4 × 4) (16)

2.4 Beantwoord die volgende vrae oor kostebeginsels:

2.4.1 Noem die DRIE soorte koste wat gebruik kan word om die optimale produksievlak te bepaal, wat die vlak is waar die meeste wins gemaak word. (3)

Kopiereg voorbehou

2.4.2 Skryf die volgende tabel in die ANTWOORDBOEK oor en voltooi dit:

Produksie per hektaar (ton/ha)	Totale vaste koste	Totale veranderlike koste	Totale koste (R/t)	Gemiddelde vaste koste (R/t)	Gemiddelde veranderlik	Gemiddelde totale koste (R/t)	Marginale koste (R/t)
6.0	500	650					
8.0		5 000					
10.0		6 000					

(16)
[50]

VRAAG 3: DIE BOERDERYBALANSSTAAT

3.1 Die volgende inligting oor mnr Malivha se plaas word beskikbaar gestel soos op 28 Februarie 2019:

BESKRYWING
Waarde van die grond teen 'n konserwatiewe markwaarde
Kleinkas
Grond gehuur of verhuur
Waarde van die aanbouing aan die melkeryskuur
Limpopo Dairy Parlour
Gereedskap en implemente teen markwaarde
Hyundai-vragmotor teen markwaarde
Waarde van teel- en melkkuddes
Opbetaalde kapitaal in koöperatiewe aandele
Rente op koöperatiewe lede se heffingsfonds
Slaglammers gereed vir verkoop
Debiteure
'n Tekefoonrekening vir Maart 2019 is vooruit betaal
Inset-BTW
Krediteure
Elektrisiteitsrekening van Eskom vir Augustus 2018 is nog steeds agterstallig
Geld in 'n gewone spaarrekening
Tjeks vir kommersiële lammers ontvang maar nog nie gebank nie
Huurooreenkoms by die Landbank
Saldo op die verbandlening by ABC-bank
Vakansiehuis in die Wes-Kaap
Skoolgeld betaal vir drie kinders
Vaste deposito by ABSA bank
Dieselbrandstof

Voorsiening vir inkomstebelasting
BTW verskuldig aan ontvanger van inkomste
Voorsiening vir betaling van ouditeurs
Terugbetalingsooreenkoms vir die trekker by Standard Bank
Kunsmis gekoop maar nie gebruik nie
Saldo van verband op eiendom by Nedbank
Krale en heinings

Skryf die inligting hier bo onder die gepaste opskrifte van die balansstaat, wat in VRAAG 3.1.1–3.1.7 verskyn, neer. 'n Punt sal afgetrek word vir elke verkeerde inskrywing.

3.1.1 Bedryfsbates (9)

3.1.2 Belegging en ander (3)

3.1.3 Roerende bates (3)

3.1.4 Vaste bates (4)

3.1.5 Bedryfslaste (5)

3.1.6 Mediumtermynlaste (2)

3.1.7 Langtermynlaste (2)

3.1.8 Wanneer 'n balansstaat opgestel word, aan watter kant van die balansstaat sal jy die bates plaas? (1)

3.1.9 Verduidelik in watter volgorde die bates en laste op 'n balansstaat gerangskik word. (2)

3.1.10 Wat is die verskil in tydperk tussen die inkomstestaat en die balansstaat? (2)

3.2 Onderskei tussen elk van die volgende terme:

3.2.1 Totale kapitaal aangewend en buitelandse kapitaal

3.2.2 Netto waarde en totale skuld

3.2.3 Solvensie en likiditeit

(3 × 4) (12)

Kopiereg voorbehou

3.3 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.3.1	Die verskil tussen die waarde van bedryfsbates en die bedryfslaste	A	kapitaalstruktuur
		B	belegging/investering
3.3.2	Die kombinasie van die rente in die bates van die onderneming	C	roerende bates
3.3.3	Bates wat gebruik word in die proses om ander bates te vervaardig wat verkoop kan word	D	langtermynlaste
		E	netto bedryfsbates
3.3.4	Verhouding tussen die verskillende tipes bates en laste	F	vaste bates
		G	finansiële struktuur
3.3.5	Skulde wat oor 'n tydperk van meer as tien jaar terugbetaal moet word	H	batestruktuur
		I	finansiële struktuur

(5 × 1) (5)
[50]

VRAAG 4: DIE BOERDERYINKOMSTESTAAT

Mnr Emmanuel se plaas het 'n suiwelvertakking en 'n wingerdvertakking. Die volgende inligting word beskikbaar gestel met betrekking tot 'n spesifieke finansiële jaar (al die syfers is in rand).

Die uitgawes vir die jaar is soos volg:

Instandhouding van die voertuie en implemente	30 000
Inenting van melkbeeste	20 000
Elektrisiteit	40 000
Instandhouding van eienaar se strandhuis in Durban	10 000
Kos vir melkbeeste gekoop van Limpopo Dairy	50 000
Kontantlone aan werkers betaal	150 000
Brandstof en smeermiddels	60 000
Verpakking vir melk	160 000
Huurgeld vir bure se grond	10 000
Rente betaal op lening	11 000

Kopiereg voorbehou

Verkope van produkte gedurende die jaar

Gespeende kalwers vir vleis verkoop	50 000
Druiwe aan wynkelder gelewer	150 000
Mis van skure aan bure verkoop	9 000
Uitskotdiere by veiling verkoop	70 000
Melk afgelewer maar wag nog vir kontant	15 000
Melk aan Shoprite-supermark verkoop vir kontant	250 000

Waarde van diere aan die begin van die jaar

Verpakkingsmateriaal vir melk	4 000
Brandstof	5 000
Uitskotkoeie	70 000
Vrugbare koeie	200 000

Waarde van diere aan die einde van die jaar

Verpakkingsmateriaal vir melk	250 000
Brandstof	3 000
Uitskotkoeie	15 000
Vrugbare koeie	250 000

Ander inligting voorsien

Mis uit melkvertakking as bemesting vir die wingerd	8 000
Melk vir arbeiders se rantsoene	5 000
Koeie vir werkers geslag	14 000
Melk vir die huishouding	4 000
Versekering betaal vir gesteelde koeie	7 000
Waardevermindering op toerusting vasgestel @ 20% per jaar. Dit moet bereken word op 'n boekwaarde van R150 000	

INSTRUKSIES

Bereken die volgende en dui ALLE berekenings en formules aan, waar van toepassing:

4.1 Die bruto produksiewaarde van die suiwelvertakking (15)

4.2 Die bruto produksiewaarde van die wingerdvertakking (2)

4.3 Die bruto produksiewaarde van die plaas in die geheel (4)

4.4 Die koste van arbeid vir die jaar (4)

Kopiereg voorbehou

4.5	Die koste van brandstof vir die jaar	(4)
4.6	Die totale produksie-, bemarking- en administrasiekoste vir die jaar	(12)
4.7	Die netto plaasinkomste	(4)
4.8	Die plaas se wins	(5)
		[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou